b. Veronica het $\frac{1}{6}$ spandeer. ☐

c. Mary het $\frac{1}{10}$ spandeer. ☐

d. Mandla het $\frac{1}{8}$ spandeer. ☐

e. Susan het $\frac{1}{4}$ spandeer. ☐

f. Gugu het $\frac{1}{3}$ spandeer. ☐



3. Jy het R120 om aan klere uit te gee. Jy kan afslag by verskillende winkels kry. Bereken hoeveel afslag jy by elkeen kan kry.

Voorbeeld: Jy het klere ter waarde van R120 gekoop. Jy het $\frac{1}{3}$ afslag gekry.
Hoeveel afslag het jy gekry?

$\frac{1}{3} \times R120$

$= \frac{1}{3} \times \frac{R120}{1}$

$= \frac{R120}{3}$ (R120 ÷ 3)

= R40

Jy het R40 afslag gekry.

a. $\frac{1}{2}$ ☐

b. $\frac{1}{8}$ ☐

c. $\frac{1}{12}$ ☐

d. $\frac{1}{4}$ ☐

e. $\frac{1}{6}$ ☐

f. $\frac{1}{3}$ ☐

vervolg

49b Los breukprobleme op vervolg

4. Los die volgende op:

Voorbeeld: Wat is een helfte van 'n meter?

$\frac{1}{2}$ van 'n meter

$= \frac{1}{2}$ van 1 000 mm

$= \frac{1}{2} \times \frac{1\,000}{1}$ mm

$= \frac{1000}{2}$ mm (1 000 ÷ 2)

= 500 mm

= 50 cm

a. $\frac{1}{2}$ van 'n kilometer

b. $\frac{1}{4}$ van 'n kilometer

c. $\frac{1}{4}$ van 'n sentimeter

d. $\frac{1}{5}$ van 'n kilometer

e. $\frac{1}{4}$ van 'n meter

f. $\frac{1}{2}$ van 'n kilometer

5. Los hierdie probleme oor afstand afgelê op. As ek ___ van die afstand afgelê het, hoe ver moet ek nog reis?

Voorbeeld: Ek het een vyfde van my reis van 200 km afgelê. Hoe ver moet ek nog reis?

$= \frac{1}{5} \times 200$ km

$= \frac{1}{5} \times \frac{200}{1}$ km

$= \frac{200}{5}$ km (200 ÷ 5)

= 40 km

Ek moet nog 160 km aflê.
(200 km – 40 km)

a. $\frac{1}{10}$

b. $\frac{1}{12}$

c. $\frac{1}{2}$

d. $\frac{1}{3}$

e. $\frac{1}{4}$

f. $\frac{1}{6}$

6. Ek en my vriende neem aan 'n fietswedren van 120 km deel. Ná ses ure moet tien van ons nog die oorblywende ¼ aflê. Hoe ver moet ons nog ry tot by die eindpunt? Ons moet die fietsren in ag ure voltooi. Sal ons die ren betyds voltooi?

7. Los op: Wat is die volgende?

Voorbeeld: Wat is een kwart van 'n kilogram?

$\frac{1}{4}$ van 'n kilogram

$= \frac{1}{4}$ van 1 000 g

$= \frac{1}{4} \times \frac{1\,000}{1}$ g

$= \frac{1000}{4}$ g (1 000 ÷ 4)

= 250 g

a. $\frac{1}{2}$ van 'n kg

b. $\frac{1}{4}$ van 'n kg

c. $\frac{1}{5}$ van 'n kg

d. $\frac{1}{10}$ van 'n kg

e. $\frac{1}{8}$ van 'n kg

f. $\frac{1}{100}$ van 'n kg

8. Los op: Hoeveel gram het ek geëet?

Voorbeeld: Ek het $\frac{1}{5}$ van my 150 gram kos geëet. Hoeveel gram het ek geëet?

$= \frac{1}{5}$ van 150 grams

$= \frac{1}{5} \times 150$ grams

$= \frac{1}{5} \times \frac{150}{1}$ grams

$= \frac{150}{5}$ grams

= 30 grams

Ek het 30 gram geëet.

a. $\frac{1}{8}$

b. $\frac{1}{2}$

c. $\frac{1}{4}$

d. $\frac{1}{5}$

e. $\frac{1}{10}$

f. $\frac{1}{20}$

9. Los op: Hoeveel milliliter het ek gedrink?

Voorbeeld: Wat is twee vyfdes van 'n liter?

$\frac{2}{5}$ van 'n liter

$= \frac{2}{5} \times \frac{1\,000}{1}$ ml

$= \frac{2\,000}{5}$ ml (2 000 ÷ 5)

= 400 ml

a. $\frac{1}{2}$ van 'n liter

b. $\frac{1}{4}$ van 'n liter

c. $\frac{2}{4}$ van 'n liter

d. $\frac{4}{5}$ van 'n liter

e. $\frac{3}{8}$ van 'n liter


f. $\frac{3}{10}$ van 'n liter

Probleemoplossing

Skryf jou eie woordprobleem waarin jy kapasiteit en breuke gebruik. Gebruik die vorige vrae om jou te help.

50 Breuke, desimale en persentasies

Verduidelik die volgende:



$\frac{34}{100}$ = 0,34 = 34%

Vinnige vasvra:
Wat beteken die volgende?
- **Sent**?
- **Senter**?
- **Sentrale**?
- Per**sent**asie?

100

1. Skryf die volgende as 'n breuk en 'n desimale breuk:

Voorbeeld: 18% of $\frac{18}{100}$ of 0,18

Indien moontlik, skryf die breuk in die eenvoudigste vorm.

$\frac{18}{100}$ vereenvoudig is $\frac{9}{50}$

$= \frac{9}{50}$

a. 37%

b. 25%

c. 83%

d. 90%

e. 55%

f. 3%

2. Skryf die volgende as 'n breuk in sy eenvoudigste vorm.

Persentasie	10%	20%	30%	40%	50%	60%	70%	80%	90%	100%
Breuk										
Eenvoudigste vorm										

Beskryf die patroon.

3. Bereken.

Voorbeeld: 18% van R20

$= \frac{18}{100} \times \frac{R20}{1}$

$= \frac{R360}{100}$

= R3.60

a. 20% van R24

b. 70% van R15

c. 60% van R95

d. 80% van R74

e. 30% van R90

f. 50% van R65

4. Bereken.

Voorbeeld: 60% van R150

$\frac{60}{100} \times \frac{R150}{1}$

Ek kan 60% skryf as $\frac{60}{100}$

$\frac{60}{100}$ vereenvoudig is $\frac{6}{10} = \frac{3}{5}$

$= \frac{3}{5} \times \frac{R150}{1}$

$= \frac{R315}{5}$

= R63

of $\frac{R9000}{100}$

= R90

a. 30% van R1,80

b. 80% van R1,60

c. 90c van R8,10

d. 20% van R4,60

e. 60% van R5,40

f. 20% van R6,40

Probleemoplossing

Ek het skoene vir R150 gekoop. Ek het 25% afslag gekry. Hoeveel het ek daarvoor betaal?

51 Verhoog en verlaag persentasies

Wat beteken verhoging en verlaging?

Noem vyf situasies ten opsigte waarvan jy graag iets sou wou **verhoog**.

Noem vyf situasies ten opsigte waarvan jy graag iets sou wou **verlaag**.

Noem vyf situasies ten opsigte waarvan jy graag iets nie wil **verhoog** nie.

Noem vyf situasies ten opsigte waarvan jy sou verkies dat iets nie **verlaag** word nie.

1. Bereken die persentasieverhoging.

Voorbeeld: Bereken die **persentasieverhoging** indien die prys van 'n buskaartjie van R60 tot R84 **verhoog** word.

$$\frac{24}{60} \times \frac{100}{1} = \frac{240}{60} = 40\%$$

- Ons moet eers vra met hoeveel die buskaartjie verhoog is.
- Dit is met R24 verhoog omdat R84 minus R60 = R24.
- 24/60 is die prysverhoging.
- Om die persentasie-verhoging uit te werk vermenigvuldig ons met 100.

a. R50 tot R70

Prysverhoging: _____

b. R80 tot R120

Prysverhoging: _____

c. R15 tot R18

Prysverhoging: _____

d. R25 tot R30

Prysverhoging: _____

e. R100 tot R120

Prysverhoging: _____

f. R36 tot R54

Prysverhoging: _____

2. Noem 'n item waarvan jy regtig hou en waarvan die prys onlangs verhoog is. Wat was die persentasieverhoging?

3. Bereken die persentasieverlaging.

Voorbeeld: Bereken die persentasieverlaging indien die prys van petrol daal van 20 sent per liter tot 18 sent per liter.

$$\frac{2}{20} \times \frac{100}{1} = \frac{200}{20} = 10\%$$

- Ons moet eers sê met hoeveel die petrolprys verlaag is.
- Dit is met 2c verlaag omdat 18c + 2c = 20c.
- 2/20 is die verlaging in prys.
- Om daarna die persentasieverlaging uit te werk, vermenigvuldig ons $\frac{2}{20}$ met 100.

a. R20 of R15

Prysverlaging: _____

b. R50 van R45

Prysverlaging: _____

c. R18 van R15

Prysverlaging: _____

d. R24 van R18

Prysverlaging: _____

e. R90 van R80

Prysverlaging: _____

f. R28 van R21

Prysverlaging: _____


4. Watter item se prys sou jy graag verlaag wou hê? Hoeveel kos dit? As die prys met 20% verlaag word, wat sal die prys wees?

Probleemoplossing

Bereken die persentasieverlaging indien die prys van petrol daal van 960 sent tot 840 sent per liter.

52 Plekwaarde, ordening en vergelyking van desimale

Kyk na die volgende en verduidelik dit.



1. Skryf die volgende in uitgebreide notasie.

Voorbeeld: 3,785
= 3 + 0,7 + 0,08 + 0,005

a. 4,378

b. 5,213

c. 14,678

d. 5,036

e. 8,305

f. 9,006

2. Skryf die volgende in woorde:

Voorbeeld: 4,326
= 4 ene + 3 tiendes + 2 honderdstes + 6 duisendstes

a. 5,376

b. 8,291

c. 3,589

d. 7,036

e. 8,005

f. 19,060

3. Skryf die volgende in die korrekte kolom:

		duisende	honderde	tiene	ene		tiendes	honderdstes	duisendstes
a.	4,765				4	,	7	6	5
b.	18,346					,			
c.	19,005					,			
d.	231, 04					,			
e.	7685,2					,			

4. Skryf die waarde van die onderstreepte syfer neer:

Voorbeeld: 3,7<u>8</u>4
= 0,08 of 8 honderdstes

a. 6,3<u>5</u>7

b. 4,3<u>2</u>

c. <u>5</u>,809

d. 8,9<u>9</u>9

e. 8<u>8</u>,080

f. 34,00<u>2</u>

5. Skryf die volgende in stygende orde:

a. 0,04; 0,4; 0,004

b. 0,1; 0,11; 0,011

c. 0,99; 0,9; 0,999

d. 0,753; 0,8; 0,82

e. 0,67; 0,007; 0,06

6. Vul in <, >, =

a. 0,4 ___ 0,04

b. 0,05 ___ 0,005

c. 0,1 ___ 0,10

d. 0,62 ___ 0,26

e. 0,58 ___ 0,85

f. 0,37 ___ 0,73

g. 0,123 ___ 0,321

h. 0,2 ___ 0,20

i. 0,4 ___ 0,40

j. 0,05 ___ 0,050

vervolg ☛

52b Plekwaarde, ordening en vergelyking van desimale vervolg

7. Skryf as 'n desimale breuk:

Voorbeeld: $\frac{5}{100}$

= 0,05

a. $\frac{6}{10}$ b. $\frac{7}{10}$ c. $\frac{8}{1\,000}$

d. $\frac{4}{10}$ e. $\frac{5}{1\,000}$ f. $\frac{3}{1\,000}$

8. Skryf as 'n desimale breuk:

Voorbeeld: $\frac{23}{100}$

= 0,23

a. $\frac{45}{100}$ b. $\frac{76}{100}$ c. $\frac{98}{100}$

d. $\frac{36}{100}$ e. $\frac{476}{100}$ f. $\frac{75}{1\,000}$

9. Skryf as 'n desimale breuk.

Voorbeeld: $\frac{45}{10}$

= 4,5

a. $\frac{36}{10}$ b. $\frac{6\,705}{100}$ c. $\frac{88}{10}$

d. $\frac{3\,200}{100}$ e. $\frac{765}{10}$ f. $\frac{9\,347}{100}$

10. Skryf as 'n gewone breuk.

Voorbeeld: 5,7

$= \frac{57}{10}$

a. 9,5 b. 15,15 c. 8,934

d. 3,76 e. 32,004 f. 7,6

11. Skryf die volgende as 'n desimale breuk.

Voorbeeld: $\frac{2}{5} = \frac{4}{10} = 0,4$

$\frac{1}{25} = \frac{4}{100} = 0,04$

a. $\frac{1}{5}$ b. $\frac{1}{4}$ c. $\frac{1}{2}$

d. $\frac{3}{5}$ e. $\frac{2}{4}$ f. $\frac{1}{25}$

Probleemoplossing

Wat sal jy doen om die desimale breuk 7,345 na 7,305 te verander?

En daarna om dit na 7,005 en dan na 7 te verander?

As die tiendessyfer nege is en die ene-syfer is vyf, wat moet ek doen om 'n antwoord van 5,932 te kry?

53 Desimale breuke

Hoe vinnig kan jy tel van:

0,2 tot 1,3	0,2; 0,3; 0,4; _____
1,12 tot 1,2 (1,2 is dieselfde as 1,20.)	1,12; 1,13; 1,14; _____
1,251 tot 1,26 (1,26 is dieselfde as 1,260.)	1,251; 1,252; 1,253; _____

Hoe skakel dit met desimale breuke: kg, m, ml, cm, ensovoorts?

1. Voltooi die getallelyne:

a. 0 0,1 0,2 1

b. 0,1 0,11 0,12 0,2

c. 0,01 0,011 0,012 0,02

d. Wat let jy op? _____

2. Voltooi die volgende:

Voorbeeld: 0,34; 0,35; 0,36; ...; 0,39
= 0,34; 0,35; 0,36; **0,37**; **0,38**; 0,39

a. 0,1; 0,2; 0,3; ...; 0,5; 0,6; 0,7; 0,8; 0,9 _____

b. 0,21; 0,22; 0,23; ...; 0,25; 0,26; 0,27; 0,28; 0,29 _____

c. 0,31; 0,32; 0,33; ...; 0,35; 0,36; 0,37; 0,38; 0,39 _____

3. Brei die patroon uit met vyf desimale breuke:

Voorbeeld: 5,36; 5,37; 5,38; ...
= 5,36; 5,37; 5,38; **5,39; 5,4; 5,41; 5,42; 5,43**

a. 7,7; 7,8; 7,9; _____

b. 3,64; 3,65; 3,66; _____

c. 2,173; 2,174; 2,175; _____


d. 5,4; 5,5; 5,6; _____

e. 9,6; 9,5; 9,4; _____

f. 3,874; 3,873; 3,872; _____

4. Rond af tot die naaste ene.

Voorbeeld: 7,8
Afgerond tot 8




a. 3,1 _____ b. 2,8 _____ c. 5,27 _____

d. 5,3 _____ e. 3,9 _____ f. 6,89 _____

5. Rond af tot die naaste tiende.

Voorbeeld: 3,745
Afgerond tot 3,7



a. 6,14 _____ b. 3,578 _____ c. 5,63 _____

d. 68,467 _____ e. 7,223 _____ f. 4,32 _____

6. Rond af tot die naaste 10, 100 en 1000.

		Ene	Tiende
a.	3,84		
b.	3,89		
c.	14,27		
d.	999,31		
e.	4,09		
f.	51,781		


Probleemoplossing

1. Gee vyf voorbeelde van desimale breuke wat tussen 0,08 en 0,09 lê.
2. Gee vyf voorbeelde van getalle wat jy tot 5 kon afgerond het.

54 Optelling en aftrekking met desimale breuke

Kyk na die volgende prentjies. Skryf jou eie optelsom en/of aftreksom neer.







1. Bereken deur albei metodes te gebruik. Gaan jou antwoord na.

Maak seker dat die kommas onder mekaar is.

Voorbeeld 1: 2,37 + 4,53
= (2 + 4) + (0,3 + 0,5) + (0,07 + 0,03)
= 6 + 0,8 + 0,1
= 6,9

Voorbeeld 2:
2,37
+ 4,53
6,90

Let op dat 6,9 en 6,90 dieselfde is.

a. 3,12 + 4, 57 =

b. 5,34 + 2,26 =

Jy kan jou antwoord nagaan deur die inverse bewerking van optelling te gebruik, naamlik aftrekking.

c. 1,46 + 2,28 =

d. 3,45 + 4,67 =

e. 6,58 + 5,78 =

f. 9,99 + 9,97 =

2. Bereken deur albei metodes te gebruik.

Voorbeeld 1: 2,37 + 4,53 – 3,88
= (2 + 4 – 3) + (0,3 + 0,5 – 0,8) + (0,07 + 0,03 – 0,08)
= 3 + 0 + 0,02
= 3,02

Voorbeeld 2:
2,37
+ 4,53
6,90
– 3,88
3,02

Maak seker dat die kommas onder mekaar is.

a. 1,15 + 2,21 – 1,21 =

b. 2,34 + 3,42 – 2,34 =

c. 3,24 + 3,35 – 5,36 =

d. 4,76 + 6,11 – 3,52 =

e. 2,36 + 5,42 – 3,47 =

f. 6,89 + 9,10 – 5,19 =

3. Maak vyf verskillende getallesinne deur die volgende desimale te gebruik. Bereken die antwoorde. 2,56; 1,99 en 3,47

Probleemoplossing

My maat volg 'n dieet en verloor 2,5 kg in die eerste week, 1,25kg in die tweede week, tel 0,75kg in die derde week op en verloor 0,5 kg in die vierde week. Hoeveel het hy in die vier weke verloor? (Onthou, dit is ongesond om te veel gewig in 'n kort tydjie te verloor.)

55 Vermenigvuldiging van desimale breuke

Kyk na die volgende prentjies. Skryf jou eie optelsom, aftreksom en vermenigvuldigingsom vir elkeen neer.





1. Bereken. (Gaan jou antwoorde na deur 'n sakrekenaar te gebruik.)

Voorbeeld:
- 0,2 x 0,3 = 0,06
- 0,02 x 0,3 = 0,006
- 0,02 x 0,03 = 0,0006

Let jy die patroon op? Beskryf dit.

a. 0,4 x 0,2 = _____ b. 0,3 x 0,1 = _____ c. 0,4 x 0,5 = _____

d. 0,6 x 0,7 = _____ e. 0,04 x 0,02 = _____ f. 0,05 x 0,1 = _____

2. Bereken. (Gaan jou antwoorde na deur 'n sakrekenaar te gebruik.)

Voorbeeld 1: 0,2 x 4 = 0,8

Voorbeeld 2: 0,02 x 4 = 0,08

Voorbeeld 3: 0,4 x 3 = 1,2

a. 0,5 x 3 = _____ b. 0,8 x 3 = _____ c. 0,6 x 4 = _____

d. 0,02 x 9 = _____ e. 0,07 x 6 = _____ f. 0,003 x 8 = _____

3. Bereken. (Gaan jou antwoorde na deur 'n sakrekenaar te gebruik.)

Voorbeeld 1: 0,3 x 0,2 x 100
= 0,06 x 100
= 6

Voorbeeld 2: 0,3 x 0,2 x 10
= 0,06 x 10
= 0,6

a. 0,4 x 0,2 x 10 = b. 0,5 x 0,02 x 10 = c. 0,3 x 0,3 x 100 =

d. 0,6 x 0,03 x 100 = e. 0,5 x 0,2 x 100 = f. 0,7 x 0,01 x 100 =

4. Bereken. (Gaan jou antwoorde na deur 'n sakrekenaar te gebruik.)

Voorbeeld: 5,276 x 30
= (5 x 30) + (0,2 x 30) + (0,07 x 30) + (0,006 x 30)
= 150 + 6 + 2,1 + 0,18
= 150 + 6 + 2 + 0,1 + 0,1 + 0,08
= 1 562 + 0,2 + 0,08
= 1 562,28

a. 1,123 x 10 = b. 4,886 x 30 = c. 2,932 x 40 =

d. 7,457 x 60 = e. 8,234 x 20 = f. 6,568 x 80 =

g. Skryf jou antwoorde van a. tot f. in stygende orde neer.

5. Kyk nou na vraag 4 en gebruik die kolommetode om al die vermenigvuldigings te doen. Gebruik 'n aparte vel papier.

Probleemoplossing

Vermenigvuldig die getal wat presies tussen 1,15 en 1,16 is met die getal wat gelyk is aan tien maal drie.

56 Deling, afronding en vloeidiagramme

Kyk na die volgende twee patrone en beskryf dit.


800 ÷ 4 = 200	80 ÷ 4 = 20	8 ÷ 4 = 2	0,8 ÷ 4 = 0,2	0,08 ÷ 4 = 0,02
150 ÷ 3 = 50	15 ÷ 3= 5	1,5 ÷ 3 = 0,5	0,15 ÷ 3 = 0,05	0,015 ÷ 3 = 0,005

Verduidelik aan 'n maat wat afronding tot die naaste natuurlike getal of tot 'n tiende beteken as jy met desimale werk.

1. Bereken die volgende:

Voorbeeld: 0,4 ÷ 2 = 0,2

0,2 afgerond tot die naaste natuurlike getal is 0.



a. 0,8 ÷ 4 = ____ b. 0,6 ÷ 3 = ____ c. 0,6 ÷ 2 = ____

d. 0,8 ÷ 2 = ____ e. 1,8 ÷ 3 = ____ f. 2,4 ÷ 8 = ____


2. Rond nou jou antwoorde op vraag 1 af tot die naaste natuurlike getal.

a. ____ b. ____ c. ____ d. ____ e. ____ f. ____

3. Bereken die volgende:

Voorbeeld: 0,25 ÷ 5 = 0,05

0,05 afgerond tot die naaste tiende is 0,1



a. 0,81 ÷ 9 = ____ b. 0,35 ÷ 7 = ____ c. 0,63 ÷ 7 = ____

d. 0,54 ÷ 6 = ____ e. 0,12 ÷ 4 = ____ f. 0,85 ÷ 5 = ____

4. Rond nou jou antwoorde op vraag 3 af tot die naaste tiende.

a. ____ b. ____ c. ____ d. ____ e. ____ f. ____

5. Voltooi hierdie vloeidiagramme. Rond af tot die naaste natuurlike getal.

a.



b.



c.



d.



e.



f.



Probleemoplossing

- Jy het sewe gelyke stukke van 28,7 m tou nodig. Hoe lank sal elke stuk wees?
- Ek het R45,75. Ek moet dit deur vyf deel. Wat sal my antwoord wees?
- My ma koop 12,8 m lint. Sy moet dit in vier stukke verdeel. Hoe lank sal elke stuk wees?

57 Vloeidiagramme

Kyk na die prentjies. Beskryf elke prentjie deur woorde soos herwinning, plastiek, inset, uitset en proses te gebruik.




Vind uit wat die sewe beteken.

1. Hoe vinnig kan jy die diagram voltooi?




Dit is hoekom dit belangrik is om jou vermenigvuldigingstafels te ken

a. Inset Uitset




Die reël is x6.

b. Inset Uitset




Die reël is _____.

c.




Die reël is _____.

d.




Die reël is _____.

e.



Die reël is _____.


f.



Die reël is _____.


2. Gebruik die gegewe reël om die waarde van *b* te bereken.

Voorbeeld:




b = a x 4
- **3 x 4 = 12**
- **2 x 4 = 8**
- **5 x 4 = 20**
- **7 x 4 = 28**
- **4 x 4 = 16**

a.




Die reël is _____.

b.




Die reël is _____.

c.




Die reël is _____.

d.




Die reël is _____.

e.



Die reël is _____.

f.



Die reël is _____.

3. Berei voor sodat jy enige vloeidiagram wat in dié les behandel is in 'n toekomstige les kan aanbied.

Probleemoplossing

Teken 'n spinnekopdiagram waar a = b + 7.


Kom ons kyk weer na Inset en Uitset. Wat dink jy is dit?





1. Voltooi die spinnekopdiagramme. Wys al jou bewerkings.

Voorbeeld:



a is die **inset**
b is die **uitset**
b = a x 2 + 3 is die **reël**

b = 4 x 2 + 3 = 1


b = 6 x 2 + 3 = 15

b = 7 x 2 + 3 = 17

b = 8 x 2 + 3 = 19


b = 9 x 2 + 3 = 21

a.




Die reël is _____.

b.




Die reël is _____.

c.




Die reël is _____.

d.




Die reël is _____.

e.



Die reël is _____.

f.




Die reël is _____.

2. Teken 'n vloeidiagram om aan die klas te wys. Verander die spinnekopdiagram na 'n "inset-" en "uitset-"instrument.

Probleemoplossing

Teken jou eie spinnekopdiagram, met a = b x 2 + 11.

Voltooi die volgende:



Die reël: b = a x 2 + 3

4 x 2 + 3 = 11
6 x 2 + 3 = 15
7 x 2 + 3 = 17
8 x 2 + 3 = 19
9 x 2 + 3 = 21

a	4	6	7	8	9
b	11	15	17	19	21

1. Voltooi die tabelle:

a. $y = x + 2$

x	2	4	6	8	10	20
y	4					

4 = 2 + 2

b. $b = a + 7$

a	1	2	3	4	5	10
b						

c. $n = m + 4$

m	4	5	6	7	10	100
n						

d. $z = x \times 2$

x	2	3	4	5	6	7
z						

e. $y = 2x - 1$

x	1	2	3	4	5	6
y						

f. $n = 3m + 2$

m	1	5	10	20	25	100
n						


2. Teken enige tabel om vir die klas te wys.

Probleemoplossing

As x = 2y + 4 en y = 2, 3, 4, 5, 6, teken 'n tabel om dit te wys.

60 Inset- en Uitsetwaardes

Ek het hierdie aantekeninge van twee maats gekry. Vergelyk dit.



1. Bepaal die reël: los *m* en *n* op.

Voorbeeld:

x	1	2	3	4		18	*m*	51
y	8	9	10	11		25	39	*n*

Bepaal die reël:
$y = x + 7$

m?
x = m en y = 39
y = x + 7
39 = m + 7
39 – 7 = m + 7 – 7
32 = m
m = 32

n?
y = x + 7
y = 51 + 7
y = 58
n is 58

a.

x	1	2	3	4		25	*m*	51
y	10	11	12	13		*n*	39	60

m? ***n?***

Reël:

b.

x	1	2	3	4		*m*	30	60
y	2	4	6	8		22	*n*	120

m? ***n?***

Reël:

c.

x	1	2	3	4		10	15	*m*
y	5	10	15	20		50	*n*	90

m? ***n?***

Reël:

d.

x	1	2	3	4		7	*m*	46
y	13	14	15	16		19	24	*n*

m? ***n?***

Reël:

e.

x	1	2	3	4		6	10	*m*
y	3	6	9	12		18	*n*	60

m? ***n?***

Reël:

f.

x	1	2	3	4		*m*	41	70
y	11	12	13	14		28	*n*	80

m? ***n?***


Reël:


Probleemoplossing


Wat is die 10de patroon? 3 x 4: 4 x 4: 5 x 4: . . .

61 Omtrek en oppervlakte

Kyk na die prentjies en sê wat die omtrek is. Wat sal die oppervlakte van elke vorm wees? Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.







Teken die volgende op grafiekpapier waar: 1 m = 1cm

1cm stel 1m voor

1. Bereken die omtrek en oppervlakte van die volgende poligone:

Voorbeeld: Omtrek

Omtrek van 'n reghoek: *2 x lengte + 2 x breedte*
Oppervlakte van 'n reghoek: *lengte x breedte*

Twee maal 4,5 cm + twee maal 2,2 cm *of*
(2 x 4,5 cm) + (2 x 2,2 cm)
= 9 cm + 4,4 cm
= 13,4 cm

Voorbeeld: Oppervlakte

Omtrek van 'n vierkant: *4 x lengte*
Oppervlakte van 'n reghoek: *lengte x breedte*

4,5 cm x 2,2 cm
= 9,9 cm²

a. 4,5 cm

A

2,2 cm

b. 2,9 cm

B

1,4 cm

c. 1,5 cm

C

2. Teken poligone A, B en C en plaas dit bymekaar om die volgende te lewer:

- die kortste moontlike omtrek
- die langste (grootste) moontlike omtrek

Doen jou sketse soos volg:

a. Poligone A en B
b. Poligone A en C
c. Poligone B en C
d. Poligone A, B en C

Gebruik jou eie papier

a.

b.

c.

d.

3. As die oppervlakte _____ is, wat sal die omtrek wees?

a. 36 cm²

b. 12 cm²

c. 100 cm²

d. 125 cm²

e. 30 cm²

f. 18 cm²

4. Bereken die omtrek en oppervlakte van elke vorm. Gee jou antwoord in mm en cm.


a.



Omtrek:

Oppervlakte:

b.



Omtrek:

Oppervlakte:

c.



Omtrek:


Oppervlakte:

Probleemoplossing

- Teken 'n vierkant en 'n reghoek wat elk 'n omtrek van 9 cm het.
- As die omtrek van 'n vierkant 22 cm is, wat is die lengte van elke sy?
- Wat is die omtrek van 'n reëlmatige oktagoon as die lengte van elke sy 17 cm is?
- Wat is die omtrek van 'n vierkant as die oppervlakte 225 cm² is?


Oppervlakte van driehoeke

Wat sal jy met hierdie tetragone doen om hulle in driehoeke te verander?



1. Wat is die oppervlakte van hierdie driehoeke? Gebruik albei metodes om dit op te los.

Voorbeeld:



lengte^2
$= (2\text{ cm})^2$
$= 2\text{ cm} \times 2\text{ cm}$
$= 4\text{ cm}^2$

Die driehoek is die helfte van die vierkant.


Metode 1

$\frac{1}{2}$ van 4 cm^2
$= \frac{1}{2} \times 4\text{ cm}^2$
$= \frac{1}{2} \times \frac{4}{1}\text{ cm}^2$
$= \frac{4}{2}\text{ cm}^2$
$= 2\text{ cm}^2$

Metode 2

$4\text{ cm}^2 \div 2$
$= 2\text{ cm}^2$

a.




Oppervlakte:

Omtrek:



b.



Oppervlakte:


2. Wat is die oppervlakte van die driehoeke?

Die oppervlakte van 'n driehoek is:
$\frac{1}{2}$ breedte x hoogte.




Voordat jy die oppervlakte van die driehoeke bereken, verduidelik aan 'n maat wat die halwe in die formule beteken.

a.




Oppervlakte:

b.




Oppervlakte:

c.



Oppervlakte:

d.




Oppervlakte:

Probleemoplossing

Wat is die oppervlakte van 'n driehoek as die basis 8 cm en die hoogte 3 cm is?

63 Meer oor oppervlakte van driehoeke

Kyk na hierdie driehoeke. Vergelyk hulle.



1. Trek 'n loodregte lyn wat die hoogte van die driehoek toon.


a. 

b. 

c. 

Loodregte lyne is lyne wat regte hoeke (90°) met mekaar vorm.


2. Bereken die oppervlakte van die driehoeke.

a. 


2 cm

b. 

4,2 cm

c. 

4,4 cm



3. Teken die driehoek en bereken dan die oppervlakte.

a. Hoogte 4 cm
Basis 8 cm

Skets	Oppervlakte

b. Hoogte 3,5 cm
Basis 10 cm


Skets	Oppervlakte


c. Hoogte 2,5 cm
Basis 8 cm


Skets	Oppervlakte


4. Meet en bereken die oppervlakte. Gee jou antwoord in cm² en mm².


a. 

b. 

c. 

d. 

e. 

f. 

Probleemoplossing

Wat is die oppervlakte van 'n driehoek as die basis gelyk is aan 3,5 cm en die hoogte gelyk is aan 1,5 cm?

64 Omsetting van oppervlakte

Sit die volgende om:

Hersiening

1 000 mm = ___m
___cm = 1 m
___m = 1 km

Hoe het ons by hierdie antwoorde uitgekom?

$cm^2 = 100\ 000\ mm^2$

1 cm = 100 mm
1 cm^2 (1 cm x 1 cm)
= 100 000 mm^2 (100 mm x 100 mm)

$m^2 = 1\ 000\ 000\ mm^2$

1 m = 1 000 mm
1 m^2 (1 m x 1 m)
= 1 000 000 mm^2 (1 000 mm x 1 000 mm)

$km^2 = 1\ 000\ 000\ m^2$

1 km = 1 000 m
1 km^2 (1 km x 1 km) 0
= 1000 000 m^2 (1 000 m x 1 000 m

1. Bereken die oppervlakte en gee jou antwoorde in m^2, cm^2 en mm^2.

Voorbeeld: Lengte = 2 m, breedte = 1 m

l x b	l x b	l x b
= 2 m x 1 m	= 200 cm x 100 cm	= 2 000 mm x 1 000 mm
=2 m^2	=20 000 cm^2	=2 000 000 mm^2



a. Lengte = 5 m, breedte = 3 m

m^2	cm^2	mm^2	Moontlike skets
			5 m / 3 m

b. Lengte = 3 m, breedte = 1,5 m

c. Lengte = 6 m, breedte = 3,2 m

d. Lengte = 4,5 m, breedte = 2,1 m

e. Lengte = 7,2 m, breedte = 5 m

2. Gegewe die oppervlakte, bereken 'n moontlike lengte en breedte in cm en m.

Voorbeeld: As die oppervlakte 9 000 000 mm^2, wat is die lengte en breedte in cm en m?
9 000 000 mm^2
= 6 000 mm x 1 500 mm
= 600 cm x 150 cm
= 6 m x 1.5 m
Lengte = 600 cm = 6 m
Breedte = 150 cm = 1.5 m

a. 15 000 000 mm^2

Berekening:

Moontlike skets:

b. 63 000 000 mm^2

Berekening:

Moontlike skets:

c. 27 000 000 mm^2

Berekening:

Moontlike skets:

d. 28 000 000 mm^2

Berekening:

Moontlike skets:

e. 36 000 000 mm^2

Berekening:

Moontlike skets:

f. 16 000 000 mm^2

Berekening:

Moontlike skets:

Probleemoplossing

As die basis van 'n driehoek 4m en die hoogte 3m is, bereken die oppervlakte en gee jou antwoord in m^2, cm^2 en mm^2.

65 Om die volume van kubusse te verstaan

Hoeveel houers is daar op die vragmotor?




Hoeveel kubusse tel jy in hierdie blok?





1. Tel die kubusse en skryf in eksponensiaalvorm.

Voorbeeld



$2 \times 2 \times 2 = 8^3$







2. Skryf 'n som in eksponensiaalvorm vir elk neer.

Voorbeeld:


2^3 blokkies + 5^3 blokkies
= 8 blokkies + 125 blokkies
= 133 blokkies



a.




b.




3. Bereken die volume van die geboue. Wys jou bewerkings.


a.




b.




c.



d.



e.



4. Maak 'n skets en bereken die volgende:

a. 2 cm x 2 cm x 2 cm

b. 4 cm x 4 cm x 4 cm

c. 5 cm x 5 cm x 5 cm

d. 3 cm x 3 cm x 3 cm

e. 1 cm x 1 cm x 1 cm

f. 7 cm x 7 cm x 7 cm

Probleemoplossing

As 'n blok 1 728 kubieke eenhede het, wat sal sy afmetings wees?

66 Volume van kubusse

Wat is die verskil tussen volume en kapasiteit?

DEFINISIE

Die **volume** van 'n vaste liggaam is die hoeveelheid ruimte wat dit beset.


Kapasiteit is die hoeveelheid vloeistof wat 'n houer kan bevat.



10 cm x 10 cm x 10 cm
= 1 000 cm³
= 1000 ml
= 1 *l*


1. Gebruik 'n formule om die volume water wat elke kubus sal vul te bereken.

Voorbeeld:
Die formule vir die volume van 'n kubus is l^3




2 cm x 2 cm x 2 cm
= 8 cm³
= 8 ml
= 0,008 *l*


a.



b.



c.



2. Wat sal die afmetings van 'n kubus wees as sy volume ____ is?


Voorbeeld:
8 cm³ = 2 cm x 2 cm x 2 cm

a. 27 cm³ b. 64 cm³ c. 125 cm³


d. 1 cm³ e. 216 cm³

3. Gebruik die voorbeeld as hulp om hierdie volumeberekenings te voltooi.


Voorbeeld:



2 m x 2 m x 2 m
= 8 m³




200 cm x 200 cm x 200 cm
= 8 000 000 cm³




2 000 mm x 2 000 mm x 2 000 mm
= 8 000 000 000 mm³

a.




m³



cm


cm³




mm

mm³

b.




m³



cm

cm³




mm

mm³

vervolg


Volume van kubusse vervolg

c.




_____ m

_____ m^3



_____ cm


_____ cm^3



5 000 mm


_____ mm^3

d.




_____ m

_____ m^3



100 cm

_____ cm^3



_____ mm

_____ mm^3

4. Kyk na die voorbeeld hoe om 'n volume se afmetings te bereken. Doen dieselfde met al die volumes in vraag 3.

Voorbeeld:

8 000 000 000 mm^3

= 2 000 mm x 2 000 mm x 2 000 mm

8 000 000 cm^3

= 200 cm x 200 cm x 200 cm

8 m^3

= 2 m x 2 m x 2 m

a.

b.

c.


d.

Probleemoplossing


- Indien die volume van 'n kubus 106 cm3 is, wat is sy dimensies in mm en m?
- Dink saam met 'n familielid aan vyf alledaagse objekte wat kubusse is.


67 Volume van groot reghoekige prismas


Hoeveel klein houers is daar in die groot houer?



1. Tel die kubusse en skryf dit in ekponensiaalvorm neer.



Voorbeeld:  $4 \times 2 \times 2 = 16^3$


a. 


b. 

2. Skryf vir elkeen 'n som in eksponensiaalvorm neer.


Voorbeeld:
8^3 blokke + 250^3 blokke
= 8 blokke + 250 blokke
= 258 blokke






a. 


b. 


3. Bereken die volume van elk van hierdie geboue. Toon jou bewerkings.

a. 

b. 

c. 

d. 

e. 

4. Bereken die volgende en maak 'n skets wat elke volume toon:

a. 2 cm x 3 cm x 1 cm

b. 4 cm x 2 cm x 2 cm

c. 5 cm x 3 cm x 4 cm


d. 4 cm x 2 cm x 2 cm

Probleemoplossing

Indien 'n reghoekige prisma 384 kubieke eenhede het, wat sal sy afmetings wees?

68 Volume van reghoekige prismas


Hoeveel klein houers sal in die groot houer inpas? Hoe het jy dit uitgewerk? Hoe weet ons dat die groot houer 8 000 liter kan hou?



Ons weet dat:
10 cm x 10 cm x 10 cm
= 1000 cm^3
= 1000 ml
= 1 *l*

1. Bereken die volume van die volgende en gee jou antwoord in m3, cm3 en mm3 . Sê ook wat die kapasiteit van elke houer is wanneer dit met water gevul is.

Voorbeeld:




Hierdie houer sal 30 000 000 ml of 30 000 *l* water hou.

$\frac{m^3}{l \times b \times h}$
= 5 m x 2 m x 3 m
= 30 m^3


$\frac{cm^3}{l \times b \times h}$
= 500 cm x 200 cm x 300 cm
= 30 000 000 cm^3

$\frac{mm^3}{l \times b \times h}$
= 5 000 mm x 2 000 mm x 3 000 mm
= 30 000 000 000 mm^3


a.




b.




c.




d



e.



f.



Probleemoplossing

- Wat is die volume as die afmetings die volgende is: lengte = 2,4 cm, breedte = 3 m en hoogte = 10 cm? Watter tipe geometriese objek is dit?
- Dink saam met 'n familielid aan vyf alledaagse objekte wat reghoekige prismas is.

69 Volume van driehoekige prismas



Kleur die boonste vloer van die gebou in.

Watter geometriese objek is die boonste vloer?


Wat sal die basis van hierdie objek wees? (Let op dat die basis die basis van die objek is, nie die basis van die gebou of die grond waarop die gebou staan nie.)

Visualiseer die boonste vloer. Wat dink jy sal sy afmetings wees (oppervlakte van die basis en die hoogte)?

Volume van 'n driehoekige prisma = die oppervlakte van die driehoek x lengte.
Die oppervlakte van 'n driehoek is ½ van die driehoekbasis se breedte x die driehoek se hoogte.


1. Bereken die volume:

Voorbeeld:




= ($\frac{1}{2}$ b x h) x l
= ($\frac{1}{2}$ x 5 cm x 4 cm) x 6 cm
= ($\frac{5}{2}$ cm x $\frac{4}{1}$ cm) x 6 cm
= $\frac{20}{2}$ cm² x 6 cm
= 10 cm² x 6 cm
= 60 cm³

a.



b.



2. Wat kan die afmetings wees as die volume van 'n driehoekige prisma ___ is? Wys al jou bewerkings.

a. 60 m³

b. 63 cm³

c. 42 m³

d. 30 cm³

Probleemoplossing

Wat is 'n vinnige manier om 'n reëlmatige poligoon in driehoeke te verdeel? Gebruik 'n heptagoon om dit te illustreer.

70 Volumeprobleme



1. Bereken die volume (in kubieke sentimeter) van 'n prisma wat 5 m lank, 40 cm breed en 2 500 mm hoog is. Maak 'n skets.

2. 'n Swembad is 8 m lank, 6 m breed en 1,5 m diep. Die waterbestande verf wat in die swembad gebruik word, kos R50 per vierkante meter.

a. Hoeveel sal dit kos om die oppervlakke aan die binnekant van die swembad te verf?

b. Hoeveel liter water sal nodig wees om die swembad vol te maak?

3. By 'n fabriek stoor hulle bokse in 'n stoorkamer waarvan die lengte 5 m, breedte 3 m en hoogte 2 m is. Hoeveel bokse kan in hierdie ruimte inpas as elke boks 10 cm lank, 6 cm breed en 4 cm hoog is?

Probleemoplossing

Los die volgende saam met 'n familielid of -lede op.

Elkeen van ons skep 'n kubus van 30 cm x 30 cm x 30 cm vol afval per dag. Die klaskamer se afmetings is 5,1 m x 4,5 m x 3 m. Ons is 30 leerders in die klas. Hoe lank sal dit neem om die klas met afval te vul?

Verbeel jou ons afval beland nie op stortingsterreine nie, maar in skoolklaskamers. Besef jy dat ons dan al 28 000 skoolklaskamers in Suid-Afrika sowat 6 keer per jaar met afval sal vul?

Hierdie persoon moet inligting insamel. Wat let jy op?



1. **Wys dat die volgende stellings waar is:**
   1 cm^3 = 1 milliliter
   1 000 cm^3 = 1 liter
   1 m^3 = 1 000 liter

'n Moontlike manier om na 'n oplossing vir hierdie probleem te kry.

Begin –- Wat is die werklike probleem?

Vra jouself die volgende vrae af:

Wat weet ek?

- Wat is milliliters en liters?
- Wat is cm3?
- Wat is m3?
- Watter voorbeelde ken ek?

Wat moet ek bewys?

- cm3 = 1 milliliter
- 1 000 cm3 = 1 liter
- 1 m3 = 1 000 liter

Wat moet ek weet?

Waarskynlik:

- Wat is volume?
- Wat is kapasiteit?

Let daarop dat ons soms eers later aan iets dink; ons dink nie altyd van die begin af aan alles nie. Voeg nou enigiets anders by.

2. **Pak die probleem aan.**
   Skryf alles neer wat jy weet om te bewys dat die stellings waar is. Dui patrone en verwantskappe aan. Maak 'n verstandige skatting of veronderstelling en kyk dan of jy dit kan bewys.


3. **Kom tot 'n gevolgtrekking wat oortuigend is.**

Probleemoplossing

Deel hierdie proses stap vir stap met 'n maat of 'n familielid.

72 Buiteoppervlakte van 'n kubus

Wat sien jy?




1. Hersiening: Bereken die volume van hierdie kubusse.

	cm	cm^3	mm^3	Skets die net. Beskryf die geometriese figure (2-D vorms) in die net.
a.	4 cm x 4 cm x 4 cm			
b.	4 cm x 4 cm x 4 cm			


2. Bereken die buiteoppervlakte van die volgende kubusse.

Voorbeeld: Die buiteoppervlakte van 'n kubus is lengte x lengte x totale getal vlakke.




= l^2 x totale vlakke
= $(4cm)^2$ x totale vlakke
= 16 cm^2 x 6
= 96 cm^2


a.




b.



c.



d.




3. Jy wil graag 'n kubusgeskenkboks vir 'n maat maak. Die geskenk is 15 cm hoog en 9 cm breed. Hoeveel karton het jy nodig om 'n kubusgeskenkboks mee te maak?

Probleemoplossing

As 'n kubus se buiteoppervlakte 150 cm^2 is, wat sal die afmetings van die kubus wees?

73 Buiteoppervlakte van reghoekige prismas


Wat sien jy? Hoe sal die net lyk?




1. Hersiening: Bereken die volume van hierdie reghoekige prismas.

	cm	cm^3	mm^3	Maak 'n skets van die net. Beskryf die geometriese figure (2-D vorms) in die net.
a.	3 cm x 2 cm x 1 cm			
b.	3 cm x 2,5 cm x 1,5 cm			

2. Bereken die buiteoppervlakte van die volgende reghoekige prismas:





Buiteoppervlakte van 'n reghoekige prisma = (2 x Lengte x Breedte) + (2 x Lengte x Hoogte) + (2 x Breedte x Hoogte)


Oppervlakte van 'n reghoek:
4 cm x 2,5 cm =10 cm^2
2 x 10 cm^2 = 20 cm^2

Oppervlakte van 'n reghoek:
4 cm x 3 cm = 12 cm^2
2 x 12 cm^2 = 24 cm^2


Oppervlakte van 'n reghoek:
2,5 cm x 3 cm = 7,5 cm^2
2 x 7.5 cm^2 = 15 cm^2

20 cm^2 + 24 cm^2 + 15 cm^2 = 59 cm^2


a.




b.



c.



d.




Probleemoplossing

As die buiteoppervlakte van 'n reghoekige prisma 52 cm^2 is, wat is sy afmetings?

74 Buiteoppervlakte van driehoekige prismas

Wat sien jy?



1. Hersiening: Bereken die volume van hierdie driehoekige prismas.


	cm	cm^3	mm^3	Skets die net. Beskryf die geometriese figure (2-D vorms) in die net.
a.	2 cm x 1 cm x 4 cm			
b.	1,5 cm x 2,2 cm x 1,6 cm			

2. Bereken die buiteoppervlakte van die volgende driehoekige prismas.


Voorbeeld:

Buiteoppervlakte = 2(oppervlakte van basisdriehoek) x area van 3 reghoekige kante


2(½ breedte x hoogte (loodreg) x lengte (sy 1 + sy 2 + sy 3)
2 (½ x 4 cm x 2 cm) + 8 cm (4 cm + 4 cm + 4 cm)
= 8 cm^2 + 96 cm^2
= 104 cm^2




a.



b.



c.



Probleemoplossing

As die buiteoppervlakte van 'n reghoekige prisma 52 cm is, wat is sy afmetings?

75 Buiteoppervlakte-probleemoplossing

Voordat jy die probleme aanpak, maak aantekeninge oor hoe jy 'n probleem sal oplos.

Hersien die formules vir buiteoppervlakte.
Skryf dit neer.

Kubus:

Reghoekige prisma:

Driehoekige prisma:

1. Hoeveel vierkante teëls (20 cm x 20 cm) is nodig om die kante en basis van 'n swembad te bedek wat 10 m lank, 6 m breed en 3 m diep is?

Waaroor handel hierdie probleem?

Wat weet ek?

Waaroor moet ek meer uitvind?

Probeer nou die probleem oplos:

2. Vier ysblokkies waarvan die lengtes van die sye 4 cm elk is, smelt in 'n silindriese glas met 'n radius van 6 cm. Hoe hoog sal die water styg wanneer hulle almal gesmelt het?

Waaroor handel hierdie probleem?

Wat weet ek?

Waaroor moet ek meer uitvind?

Om die oppervlakte te bereken moet ek die volgende ken:
Oppervlakte = πr^2

Om die volume te bereken, moet ek die volgende ken:
Oppervlakte van die sirkel: $\pi \times r^2$
Hoogte: h
Volume = Oppervlakte × Hoogte = $\pi \times r^2 \times h$

Probeer nou die probleem oplos.

Probleemoplossing

Jy is 'n wonderlike probleemoplosser. Vertel vir 'n familielid hoekom jy so 'n goeie probleemoplosser is. Hoekom help wiskunde jou om so 'n goeie probleemoplosser te wees?


Geld in Suid-Afrika

Die rand, simbool: **R**; kode: **ZAR**, is die geldeenheid van Suid-Afrika. Dit ontleen sy naam aan die Witwatersrand, die rif waarop Johannesburg gebou is en waar die meeste van Suid-Afrika se gouddeposito's gevind is. Die rand het die simbool "R" en is gelyk aan 100 sent, met die simbool "c".

Vind uit wat die geldeenheid voor rand en sent was.



Die verdien-en-bestee-spel!





Jy verkoop 'n paar goedere. Beweeg een ry op en verdien R100.



Jy koop 'n paar goedere. Beweeg een ry af en betaal R100.

Rigting van spel:
Begin op A10 en speel in die rigting van J10.
Beweeg daarna een ry op.
Beweeg in die rigting van A9. Beweeg een ry op.
Beweeg in die rigting van J8. Gaan voort met hierdie patroon.

1. As dit die uitkomste was van die getalle waarop jou dobbelsteentjie geval het, hoeveel geld sal jy aan die einde van die spel hê? Gebruik ná elke resultaat 'n getallesin of woordsom om te beskryf wat gebeur het.

Getal op dobbelsteen	Getallesin of woordsom.
6	Verdien R20
6	R20 + R100 = R120
3	R120 +
6	
1	
3	
6	
3	
2	
5	
5	
6	
2	
4	
2	
5	

Probleemoplossing

Maak jou eie dobbelsteentjies en gebruik twee klippies as spelsteentjies. Speel hierdie spel met 'n familielid.

Finansies – wins, verlies en afslag

Weet jy wat wins, verlies en afslag beteken?



Wins is die surplus wat oorbly nadat totale koste van totale inkomste afgetrek word.
Verlies is wanneer meer uitgegee word as wat ingekry word.
Afslag is die bedrag wat voor betaling van die vraprys afgetrek word.



Onthou: wins en verlies hou nie net met besighede verband nie, maar ook met jou persoonlike inkomste.

1. Maak jy 'n wins of verlies in die volgende voorbeelde? Hoeveel wins of verlies?
(Omkring die korrekte antwoord en bereken die bedrag.)

a. Jy koop lekkers teen 45c elk en verkoop dit teen 65c elk.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) per lekker gemaak.



b. Jy koop potlode teen R2,00 elk en verkoop dit teen R2,40 elk aan jou vriende. Jy verkoop altesame 40 potlode.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) gemaak.



c. Op Saterdae huur jy 'n stalletjie by die plaaslike snuffelmark vir R50. Jy koop vrugtesap vir R1,50 elk en verkoop dit vir R2,50 elk. Laas Saterdag was dit koud en dus het jy net 40 verkoop.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) gemaak.



d. Jy koop lekkers in groot pakke van 100 vir R10,45 per pak. Jy verkoop dit aan jou maats vir 30c per lekker. Gedurende eerste pouse slaag jy daarin om 75 lekkers te verkoop.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) gemaak.



e. Jy koop vrugte direk van die mark en verkoop dit aan jou bure, vriende en familie. Laas naweek het jy 3 bokse piesangs gekoop. Elke boks bevat 12 trosse van 12 piesangs elk. Elke boks kos R75. Jy slaag daarin om 80% van die piesangs te verkoop teen 65c elk voordat die res te ryp was om te verkoop en jy dit moes weggooi.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) gemaak.



Wins kan op verskillende maniere bereken word. Normaalweg, wanneer ons oor 10% wins praat, bereken ons dit op die kosprys. Soms verwys ons ook na 'n 10%-prysopslag.
Voorbeeld: As my sokkerbal my R200 kos en ek dit wil verkoop teen 'n wins van 10%, moet ek dit vir R220 verkoop.
R200 + (R200x 10 %) = R220

2. Watter prys moet ek daarvoor vra?

a. Jy koop lekkers teen 45c elk en jy wil 'n wins van 25% maak. Teen watter prys moet jy dit verkoop? _____ (bedrag)

b. Jy koop penne teen R1,27 elk en jy wil 'n wins van 17% maak. Teen watter prys moet jy dit verkoop? _____ (bedrag)



c. Op Saterdae huur jy 'n stalletjie by die plaaslike snuffelmark teen R50. Jy koop vrugtesap teen R1,50 per boks en jy verkoop normaalweg 200 eenhede per Saterdag. As jy 'n wins van 35% wil maak nadat jy vir die stalletjie betaal het, hoeveel moet jy per vrugtesap vra? _____ (bedrag)

3. Sal ek steeds 'n wins maak as ek dit teen afslag verkoop?
(Omkring die korrekte antwoord en bereken die bedrag.)

a. Jy koop lekkers in groot pakke van 100 teen R12,45 per pak. Jy verkoop dit aan jou vriende teen 20c per lekker. As hulle 10 lekkers of meer op 'n keer koop, gee jy hulle afslag van 25%. Gedurende die eerste pouse verkoop jy 35 los lekkers en 25 lekkers teen afslagprys.
Wat sal jou wins wees? _____ (bedrag)

b. Jy koop vrugte direk van die mark en verkoop dit aan jou bure, vriende en familie. Laas naweek het jy 3 bokse piesangs gekoop. Elke boks bevat 12 trosse van 12 piesangs elk. Elke boks het jou R75 gekos. Jy het daarin geslaag om 80% van die piesangs teen 65c elk te verkoop. Die res van die piesangs het te ryp geword en jy het dit teen 'n afslag van 80% verkoop.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) gemaak.

Probleemoplossing

As jy jou fiets vir R1 300 gekoop het en dit vir R1 500 verkoop, watter persentasie afslag op die verkoopprys kan jy toestaan aan die maat wat jou fiets wil koop, en steeds wins van R50 maak?

Finansies – Begroting

Weet jy wat 'n begroting is? Kan ek my eie begroting hê of is dit slegs vir grootmense?

DEFINISIE

Begroting is die skatting van koste en inkomste oor 'n spesifieke periode.

Begroting is soos 'n skaal waarop jy jou inkomste en jou uitgawes probeer balanseer.

Belangrik: Jou inkomste moet altyd groter as jou uitgawes wees.



Die opstel van 'n begroting is die belangrikste stap om jou geldsake te beheer. Die eerste begrotingsreël: **bestee minder as wat jy verdien!**

Voorbeeld: As jy 'n toelaag (sakgeld) van R50 per maand ontvang en nog R30 vir jou verjaarsdag ontvang, kan jy nie meer as R80 vir die hele maand uitgee nie.

Struktureer jou begroting

1. Bepaal jou inkomste

Maak 'n lys van al jou moontlike inkomste en skat die bedrag wat jy gedurende die volgende maand sal verdien.

Inkomste	Geraamde bedrag
Geraamde totale inkomste	

2. Skat jou uitgawes

Maak 'n lys van al jou moontlike uitgawes en skat die bedrag wat jy gedurende die volgende maand wil bestee.

Uitgawes	Geraamde bedrag
Geraamde totale uitgawes	

Bestee minder as wat jy verdien!

Netto inkomste is, soos wins, die surplus wat oorbly nadat alle koste afgetrek is van die totale (of **bruto**) inkomste. As die uitgawes die inkomste oorskry, noem ons dit 'n **tekort**.

3. Maak ek 'n surplus?

Trek jou totale uitgawes van jou totale inkomste af om te bepaal of jy 'n surplus of tekort gaan kry.

	Geraamde bedrag
Totale inkomste	
Totale uitgawes	
Netto inkomste	

4. Wat kan ek met my surplus doen?

Maak 'n lys van dinge wat jy met jou surplus kan doen.

Dit is altyd 'n uitstekende idee om vir swaarkrytye te spaar!

5. Spaargeld

As ek daarin slaag om R80 elke maand te spaar, hoe lank moet ek spaar om vir myself 'n nuwe rekenaarspeletjie teen R499,95 te koop?

maande

6. Bly op hoogte van jou begroting

Gebruik die voorbeeld hieronder en stel 'n begroting in jou skryfboek op. Voltooi jou begroting en gaan jou werklike uitgawes vir die volgende maand na.

Inkomste	Werklike bedrag	Geraamde bedrag	Verskil
Geraamde totale inkomste			
Uitgawes			
Geraamde totale uitgawes			
Netto inkomste			

Probleemoplossing

Beskryf in jou eie woorde wat jy van hierdie woorde dink: "'n Begroting sê vir ons wat ons nie kan bekostig nie, maar dit keer ons nie om dit te koop nie."

79 Finansies – lenings en rente

Wat is 'n lening? Wat is rente?

DEFINISIE

'n **Lening** is 'n som geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of 'n maatskappy leen met die doel om wins uit rente te behaal wanneer die geld terugbetaal word.

Rente is die tarief wat 'n uitlener vir 'n lener vra vir die gebruik van geleende geld, gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die bedrag wat geleen is, ook bekend as rentekoers.



Dit is nooit 'n goeie idee om geld te leen nie. Dis beter om te spaar totdat jy dit kan bekostig om iets te koop.



Wanneer iemand geld aan iemand anders leen, betaal die lener gewoonlik 'n tarief aan die uitlener. Hierdie tarief word 'rente' genoem. Daar is twee soorte rente: **enkelvoudige** en **saamgestelde** rente. **Enkelvoudige of eenvormige rente** word gewoonlik jaarliks betaal as 'n vaste persentasie van die bedrag wat aan die begin geleen of uitgeleen is. Met **saamgestelde** rente betaal jy rente op die rente!
Die formule vir enkelvoudige rente is soos volg:
Rente = Hoofsom x Koers x Tyd
Waar:
Rente die totale bedrag is wat aan rente betaal is
Hoofsom die bedrag is wat uitgeleen of geleen is
Koers die persentasie van die hoofsom is wat jaarliks as rente gehef word.
Tyd die tyd in jare is waarin die lening terugbetaal moet word.

1. Berekening van die rentebedrag

Ek wil 'n nuwe fiets koop om koerante af te lewer. Ek het nie genoeg geld nie, maar 'n maat bied aan om die geld vir my te leen. Ek stem in om die geld ná 1 jaar terug te betaal teen 10% rente per jaar. Ek leen R1 500.

a. Hoeveel rente moet ek betaal? _____
_____

b. Wat is die totale bedrag wat ek aan my maat moet terugbetaal? _____
_____

c. As ek besluit om hom weekliks terug te betaal, wat sal my weeklikse paaiement wees? _____

d. As die rentekoers 12% in plaas van 10% is, hoeveel meer moet ek vir my fiets betaal? _____

2. Berekening van die rentekoers

Ek koop R3 000 van die bank om 'n rolstoel vir my siek broer te koop. Die kontrak stipuleer dat ek ná 2 jaar R3 900 aan die bank moet terugbbetaal.

a. Hoeveel rente moet ek per jaar aan die bank terugbetaal? _____
_____

b. Wat is die rentekoers wat ek moet betaal? _____
_____

c. As ek besluit om die bank weekliks te betaal, wat sal my weeklikse paaiement wees? _____

d. As ek die lening ná een jaar terugbetaal, sal die bank my net R3 360 vra. Wat sal die rentekoers wees as ek hulle ná een jaar terugbetaal? _____
_____

3. Berekening van die terugbetalingsperiode

a. As die formule vir die berekening van rente is: Rente = Hoofsom x Tyd, wat sal die formule wees vir die berekening van die leningstydperk? _____
_____

b. Ek het R5 000 by die bank geleen en hulle hef 10% enkelvoudige rente per jaar. Die totale bedrag wat ek moet terugbetaal, is R6 750. Hoe lank sal dit neem om die lening terug te betaal? _____
_____

c. Die rentekoers verander na 12% en die totale terugbetaling beloop R8 360. Wat is die terugbetalingstydperk vir die lening van R5 000? _____
_____

d. Die totale rente wat ek op 'n lening van R7 500 moet betaal, is R7 200 en die rentekoers wat ek betaal is 12%. Hoeveel jaar sal dit my neem om die lening terug te betaal? _____

Probleemoplossing

Ek betaal R452 per maand op my lening terug. Die rentekoers wat die bank gehef het, was 15% enkelvoudige rente. Ek moet die lening oor 48 maande terugbetaal. Ek het bereken dat die totale bedrag wat ek oor die 48 maande aan rente sal betaal R8 136 is. Wat was die oorspronklike bedrag wat ek by die bank geleen het?

80 Finansies

Kom ons hersien hierdie finansiële terme.

DEFINISIE

Wins is die surplus wat oorbly nadat totale koste van totale inkomste afgetrek is.

Verlies is wanneer meer uitgegee word as wat ingekry word.

Afslag is die bedrag wat voor betaling van die vraprys afgetrek word.

Begroting is die skatting van koste en inkomste oor 'n spesifieke periode.

'n **Lening** is 'n som geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of 'n maatskappy leen met die doel om wins te maak wanneer die geld terugbetaal word.

Rente is die tarief wat 'n uitlener vir 'n lener vra vir die gebruik van geleende geld, gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die geleende bedrag, ook bekend as die rentekoers.



1. Jy maak 'n limonadestalletjie oop.

Jy kan suurlemoene by die buurvrou koop teen 10c per suurlemoen en suiker by die plaaslike winkel teen R10 per sakkie. Die papierglase kos 10c elk en jou broer is gewillig om die limonade te verkoop teen 15c kommissie per glas. Jou resep benodig 100 suurlemoene, 'n halwe pak suiker en water om 15 glase limonade te maak. Jy dink jy kan een glas limonade vir R2,50 verkoop.

a. Voltooi die begroting hieronder om te bereken of jy 'n wins sal kan maak as jy 30 glase verkoop.

Inkomste	Geraamde bedrag
Limonade verkoop	
Geraamde totale inkomste	
Uitgawes	
Suurlemoene	
Suiker	
Papierglase	
Kommissie (broer)	
Geraamde totale uitgawes	
Netto inkomste	



b. Maak jy 'n wins of verlies? _____

c. Watter persentasie wins of verlies maak jy op die kosprys? _____
_____

d. As jy besluit om jou wins met 15% te verhoog, wat moet jou nuwe verkoopsprys wees? _____

e. Jou broer wil nie meer die limonade verkoop nie en jy moet dit nou self doen. Watter uitwerking sal dit op jou wins hê? _____
_____

2. Dit gaan baie goed met jou limonadestalletjie en jy maak steeds 150% wins. Jy besluit om 'n limonademasjien te koop.

Die limonademasjien kos R1 750 en jy vra jou familie om die geld vir jou te leen. Hulle stem in om jou die geld te leen teen 15% enkelvoudige rente per jaar. Jy moet hulle binne die volgende jaar terugbetaal. Met die limonademasjien sal jy in staat wees om 150 glase per maand te verkoop. Sal jy steeds winsgewend wees? Watter persentasie wins of verlies sal jy maak?

Probleemoplossing

Jy koop droëvrugte in groot sakke en herverpak dit in kleiner sakke. 'n Groot sak gemengde droëvrugte kos R476 en jy kan dit in 50 kleiner sakke herverpak. Die rit na die mark kos R50 en die klein sakkies 50c elk. Hoeveel behoort jy vir die klein sakkies droëvrugte te vra om 'n wins van 33% te maak?

Notas